**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saaknommer : 4017/2005

In die saak tussen:-

**JOHAN KASSELMAN** Applikant

en

**LEON VERMAAK N.O.** 1ste Respondent

**MARIA ELIZABETH KASSELMAN** 2de Respondent
**DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF** 3de Respondent
**(VIR DIE PROVINSIE VRYSTAAT)**

---

**AANGEHOOR OP:** 23 MAART 2006

---

**UITSPRAAK DEUR:** KRUGER R

---

**GELEWER OP:** 30 JUNIE 2006

---

[1] Onmiddellik na afhandeling van die aanhoor van hierdie aansoek in die hof op 23 Maart 2006 het die advokate my meegedeel dat die partye poog om 'n skikking te bereik en dat ek voorlopig nie 'n uitspraak moet skrywe nie.

[2] In ‘n brief van 23 Junie 2006 is ek in kennis gestel dat ‘n skikking nie bereik kon word nie.

[3] Op 28 Junie 2006 het die eksekuteur, die 1ste respondent, bedank as eksekuteur en my dienooreenkomstig in kennis gestel.

[4] Die hoofbede in die aansoek het dus nou verval. Die enigste oorblywende kwessie is koste.

[5] Die advokate het my oor koste toegespreek.

> “2.6 ‘n Eksekuteur wat aan litigasie deelneem, al verloor hy die saak, en of hy eiser of verweerder is, behoort nie gelas te word om koste *de bonis propriis* te betaal nie tensy daar ‘n gebrek aan *bona fides* aan sy kant was of tensy hy nalatig of onredelik opgetree het.”

In die geval het 1ste respondent nie nalatig of onredelik opgetree nie. Daar is geen basis om ‘n kostebevel teen hom te maak nie.

[6] Die koste van hierdie aansoek moet deur die boedel gedra word.

[7] Die bevel wat ek maak is:

Die koste van hierdie aansoek moet betaal word uit die boedel van wyle DAVID JOHANNES KASSELMAN

(Meestersverwysing 13305/2003).

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikante: | Adv. P J Heymans<br>In opdrag van:<br>E G Cooper & Seun<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondente: | Adv. J P de Bruin SC<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |

/sp